

“The intelligent man finds almost everything ridiculous, the sensible man hardly anything” Johann W von Goethe

EU GREEN DEAL: DEAL OR NO DEAL?

Die VKM-bestuurstelsel (FMS) wat sowat vier jaar gelede deur Suid-Afrika, Eswatini en Zimbabwe geïmplementeer is (toe VKM as 'n gereguleerde pes verklaar is), is deur vooraanstaande wetenskaplikes regoor die wêreld lof toegeswaai. Een van die redes waarom die FMS hierdie erkenning kry, is dat die stelsel die produk in verskillende risiko kategorieë kategoriseer, en dan die risiko toepaslik bestuur. Soos met enige nuwe stelsel – word die FMS elke jaar, in ooreenstemming met enige waargenome swakhede of geleenthede, hersien; in die geval van die FMS was dit uiters doeltreffend (met afname in onderskeppings jaar na jaar). In November 2021, na die ondersoek van die paar gerapporteerde onderskeppings, is die FMS verder versterk deur veranderinge aan voor-oes monitering om fitosanitêre kategorisering van die vrugte te verbeter, en veranderinge aan sekere na-oes koue hanteringsvereistes toepaslik met die fitosanitêre kategorie van elke besending vrugte, in lyn te bring. Dit is alles op wetenskaplike data gebaseer.

Dit blyk dat die EU se DG SANTE nie die konsep van 'n stelselbenadering begryp nie - sonder inagneming van die doeltreffendheid van die FMS deur net met een element van die stelsel te torring. Jy het nou 'n “blanket” verskepingstyd-temperatuur vereiste, ongeag die gemete fitosanitêre status van die vrugte.

Terselfdertyd is die EU besig om die EU Green Deal uit te voer. Deel van die EU Green Deal se ambisieuse doelwitte is om organiese produksie te verhoog, energieverbruik te verminder, afval te verminder en die gebruik van gewasbeskermingsprodukte te verminder. Alhoewel dit 'n binnelandse beleid is, is dit waarskynlik dat ingevoerde produkte ook aan hierdie doelwitte sal moet voldoen. Producenten in Suid-Afrika, Eswatini en Zimbabwe ondersteun die doelwitte van die EU Green Deal. Dan kom DG Sante, en in duidelike disjunksie, stel hulle nuwe maatreëls in wat presies die teenoorgestelde tot gevolg sal hê.

Die organiese lemoensektor wat in hulle babaskoene in Suider-Afrika is, sal dit baie moeilik vind, indien nie onmoontlik nie om daaraan te voldoen. Oor die afgelope drie jaar was daar geen (nul, niks, nada) onderskeppings vir VKM in organiese besendings nie – die FMS sou voorsiening gemaak het vir organiese produkte as 'n lae risiko produk; die onlogiese, tegniese gebrekkige, disproporsionele, onnodige EU-maatreël (sien nuusbrieff 25) vereis nou 'n “blanket” benadering wat teen die doelwitte van die Green Deal sal ingaan.

Die FMS het verskillende verskepingstemperatuur regimes, afhange van fitosanitêre status van die vrugte. Die nuwe EU-maatreël vereis nou 'n “blanket” benadering met voorafverkoeling, wat die energieverbruik van alle besendings aansienlik sal verhoog. Boonop, die heldersienende/sosiale media-benadering (sien nuusbrieff 26) om Suider-Afrika se plantgesondheidsowerhede van implementering in kennis te stel (en die onmoontlike datums wat vasgestel is) beteken dat daar nou 'n risiko is dat honderde houers by EU-grense vasgehou kan word, as die owerhede probeer sin maak van 'n sinnelose reël. Dit is inderdaad hoekom maatreëls nie in die middel van 'n seisoen ingestel word nie (tensy 'n noodgeval bestaan) - dit is om die waarskynlikheid van verwarring en chaos te probeer verminder. Die dringendheid om binnelandse produksie belange te beskerm was so groot dat hierdie beginsels laat vaar is. Suider-Afrika se produsente het biologiese beheermaatreëls as deel van die stelselbenadering toegepas (steriele insektegnologie en virusbehandelings om twee te noem). Die gebruik van hierdie biologiese oplossings help om die produk in die laer risiko-klasse te kry, wat minder gebruik van gewasbeskermingsprodukte en meer energiedoeltreffende koue hanteringsvereistes beteken. Die gebruik van hierdie biologiese oplossings kom wel teen 'n hoër koste. Deur alle lemoene aan dieselfde verskepingstemperatuur te onderwerp, word die voordeel van die gebruik van hierdie duurder biologiese oplossings ondermyn - weereens teenstrydig met die doelwitte van die Green Deal.

Deal or no deal? As die EU aanhou om tegniese gebrekkige, onnodige, buitensporige en ongekoördineerde vereistes op te stel wat duidelik proteksionisties is, sal Suider-Afrika se produsente gedwing word om te sê - "no deal".

GEPAK EN VERSKEEP

Einde Week 26	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvanklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
Miljoen 15 Kg karbonate								
BRON: PPECB/AGRIHUB	2020	2021	2022	2021	2022	2022	2022	2021
Pomelo's PP (17kg)		2.3 m	2.4 m	1.7 m	1.8 m			
Pomelo's Klas 1&2 (17kg)		10.6 m	9.9 m	10.0 m	8.4 m			
Pomelo's	13.3 m	14.6 m	14.0 m	13.2 m	11.6 m	16.8 m	15.7 m	17.5 m
Mandaryne	12.2 m	15.2 m	14.3 m	11.5 m	12.2 m	34.5 m	34.1 m	30.9 m
Suurlemoene	20.0 m	20.5 m	22.0 m	17.1 m	20.2 m	32.3 m	32.2 m	31.0 m
Nawels	15.5 m	16.3 m	14.5 m	11.3 m	11.6 m	28.7 m	27.2 m	27.2 m
Valencias	5.8 m	6.7 m	4.7 m	2.9 m	2.4 m	58.2 m	57.6 m	55.0 m
Totaal	66.8 m	73.3 m	69.5 m	56.0 m	58.0 m	170.5 m	166.8 m	161.6 m